**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 17 MAART 2026 OM 10:15**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:
Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter open die vergadering.

**2. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**3. NUWE SAKE**

**3.1 MUNISIPALE ELEKTRISITEITSTARIEFVERHOGING: AANSOEK AAN NERSA VIR 2026/2027 EN GEPAARDGAANDE PUBLIEKE DEELNAME (5/4/1/3)**

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond tot die verslag na aanleiding van die uitspraak wat op 20 Februarie 2026 deur die Noord-Gautengse Hooggeregshof gelewer is rakende die tydsraamwerke vir die 2026/27 munisipale aansoekproses om tariefverhogings by NERSA.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee toeligting aangaande die vereistes waaraan alle munisipaliteite moet voldoen volgens die NERSA-mediaverklaring wat op 12 Maart 2026 uitgereik is, naamlik:

(a) Die tariefaansoek moet op of voor 31 Maart 2026 ingedien word;
(b) Die tariefaansoek moet deur die betrokke gemagtigde amptenaar onderteken en goedgekeur word;
(c) Bevestiging dat die tariewe waarvoor aansoek gedoen word deur die Munisipale Raad gemagtig is;

(d) Bevestiging dat verbruikers oor die voorgestelde tariewe geraadpleeg is; en
(e) Indiening van geouditeerde regulatoriese finansiële inligting vir 2024/25 aan NERSA.

Die volledige Tariefaansoekdokument wat op 31 Maart 2026 by NERSA ingedien sal word, na goedkeuring deur die Raad, is vir inligting tot die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste bespreek die faktore wat bydra tot die voorgestelde 11.44%-verhoging in elektrisiteitstariewe, onder andere die berekeningsfout deur NERSA, die 2023/2024 Koste-van-Voorsiening-studie (geldig vir 5 jaar), nuwe ontwikkelings, ens.

'n Bespreking volg oor die moontlikheid om die voorgestelde tarief te verlaag, aangesien die publiek nie bewus is van die faktore wat die verhoging beïnvloed nie. Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die proses wat deur NERSA vereis word, gevolg moet word om openbare insette oor die voorgestelde tarief teen 31 Maart 2026 te verkry. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die openbare insette wat ontvang word, oorweeg sal word en dat die administrasie sal poog om die tarief tot onder 11% te verlaag. Rdl Warnick noem dat die moontlikheid verder bestaan dat NERSA oorweging daaraan sal gee om die tariewe te verlaag wanneer die aansoek ontvang word.

**BESLUIT**
(voorgestel deur Rdl A K Warnick, gesekondeer deur Ald J M de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die voorgestelde aansoek aan NERSA vir 'n elektrisiteitstariefverhoging van 11.44% (gebaseer op die KVV-beginsels geïmplementeer in 2023–2024) vir 2026/27 aan die Raad aanbeveel;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die voorgestelde publieke deelname proses ondersteun ten einde die Munisipaliteit in staat te stel om aan die NERSA-vereiste te voldoen deur bewys te lewer dat die publiek die geleentheid gebied is om insette te lewer oor die voorgestelde tariefverhoging en dat sodanige insette op 31 Maart om 12:00 sluit;

(c) Dat kennisgewings by die Raad se hoofkantore geplaas word en dat die besonderhede vanaf 17 Maart 2026 op die Raad se webtuiste vir openbare insae beskikbaar gestel word;

(d) Dat kennis geneem word van die wesenlike berekeningsfout deur NERSA, ten bedrae van R54 miljard, wat gelei het tot ongeveer 'n 3.4%-verhoging in die Eskom-tarief. Dat die Raad sy ontevredenheid uitspreek dat die direkte gevolg daarvan is dat verhoogde elektrisiteitstariewe vir munisipale verbruikers nou oorweeg moet word.

[Nota: Dat kennis geneem word van die versoek deur Rdh T van Essen dat sy beswaar teen die verhoging van 11.44% aangeteken word en dat die 9.01%-verhoging ondersteun word.]

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**